



SW: GESKIEDENIS
Werktuie en wapens
WEEK 8:
11 JUNIE 2020

Graad 5

WERKTUIE EN WAPENS UIT YSTER EN KOPER

Handboek p.145,146

LEES p.145 en 146 in jou Geskiedenis handboek goed deur.

WOORDBANK (KEN die woorde !!!)

Blaasbalk	: sakke wat uit beesvelle gemaak is
Houtskool	: gebrande hout wat baie warm is wanneer dit brand
Smidswerk	: om goed uit metaal te maak
Smeewerk	: om ystererts te verhit en te klop om ystervoorwerpe te maak
Smelt	: om rotse te verhit om metale daaruit te kry
Smeltoond	: 'n spesiale oond of vuurherd
Ystererts	: rots wat yster bevat

WERTUIE en WAPENS WAT UIT YSTER EN KOPER GEMAAK IS

(Lees aandagtig deur!)

Koper en yster is metale. Ons kry koper en yster in sekere rotse. Vroeë metaalwerkers het geleer hoe om koper en yster uit rotse te haal. Hulle het koper en yster gebruik om bruikbare werktuie en wapens mee te maak. Koper is gebruik om draad, krale en juweliersware mee te maak. Koper was baie belangrik vir handel.

- Boere het **YSTERBYLE** gebruik om bome mee af te kap
- Hulle het **SKOFFELS** gebruik om grond mee om te dolwe en saad te plant
- Hulle het **YSTERWAPENS** gebruik om diere mee te jag
- Hulle het **WAPENS** ten tye van oorlog gebruik


OM MET YSTER TE WERK – ‘n MAN SE WERK!

Om met yster te werk was ‘n lang en moeilike proses. Dit kon tien dae neem om een skoffel of een spies te maak. Mans het die meeste werk gedoen. Vrouens is nie in die gebied toegelaat waar met yster gewerk is nie.



PROSES OM YSTER TE MAAK

1. Vrouens het rotse wat yster bevat uit die grond gehaal. Dit is **YSTERERTS**.
2. Die ysterwerkers het **HOUTSKOOL** en **YSTER** in 'n smeltoond gebrand.
3. Hulle het 'n **BLAASBALK** gebruik om lug in die **SMELTOOND** in te blaas. Die lug maak die vuur warmer.
4. Die hitte laat die yster uit die rots uitsmelt. Werkers haal klein stukkies yster uit die boom van die smeltoond. Hierdie proses word **SMELT** genoem.
5. Hulle klop dan ysterklonte in die vorm van werktuie of wapens. Hulle hou aan om die yster te verhit om dit sagter en suiwerder te maak. Dit word **SMEEWERK** genoem.
Mans het voorwerpe (**skoffels en wapens**) uit die gesmede yster gemaak en dit word **SMIDWERK** genoem.



AKTIWITEIT

Rangskik hierdie sinne in die korrekte volgorde om 'n **paragraaf oor ysterwerk** te vorm. Skryf die paragraaf in jou boek of op lyntjies papier.

- Die mans het die erts in warm vuuroonde / smeltoonde verhit.
- Ystererts is in rotse aangetref.
- Terwyl die yster sag was, is dit verwerk tot die vorm van werktuie en wapens soos spiese.
- Die vroue en kinders het die ystererts uitgegrawe.
- Die yster het by 'n ander temperatuur gesmelt en is sodoende van die res van die rots geskei.

YSTERWERK

2020-06-11

Ystererts is in rotse aangetref. Die vroue en kinders het die ystererts uitgegrawe. Die mans het die erts in warm vuuroonde / smeltoonde verhit. Die yster het by 'n ander temperatuur gesmelt en is sodoende van die res van die rots geskei. Terwyl die yster sag was, is dit verwerk tot die vorm van werktuie en wapens soos spiese.

